

Q&A
Shelach Lecha
MIDRASH VRAE
www.houtkruis.co.za

# MIDRASH VRAE

**DIE GEDEELTES WAT ONS SAAM BESTUDEER IS:**

**Torah:** Num 13:1 – Num 15:41
**Haftarah:** Jos 2:1-24
**B'rit Hadashah:** Hebrews 3:7- 4:3; Mat 10:1-14

1. Wat is die betekenis en belang van Moses se naamsverandering van Hoséa na Josua, en wat impliseer dit geestelik?
2. Wat is die simboliek agter die groot tros druiwe wat twee manne op 'n draaghout moes dra en waar het hulle dit gekry?
3. Watter vers in Numeri 13 wys die eerste teken van paniek of vrees onder die verkenners?
4. Hoeveel keer word die naam van Enak of die Enakiete in hoofstuk 13 genoem, en wat is die betekenis daarvan?
5. Wat sê Kaleb presies om die volk stil te maak, en wat openbaar dit oor sy karakter?
6. Waarom het die verkenners hulleself as 'springkane' gesien, en wat sê dit oor hul geestelike toestand?
7. Watter teksvers in Numeri 13 dink jy bring die geestelike stryd tussen geloof en ongeloof duidelik na vore? Wat is die hebreeuse woordjie vir geloof wat in die gedeelte gedemonstreer word en watse hebreeuse prentjie skilder Abba Vader vir ons in die letters?
8. Wat was die volk se reaksie op die verslag van die 10 verspieders, en wat sê dit oor hulle geestelike toestand?

9. Hoe moedig Josua en Kaleb die volk aan om op Abba Vader te vertrou?

10. Wat leer ons uit die beskrywing dat Kaleb ’n ander gees gehad het?

11. Wat het gebeur met die tien verspieders wat 'n slegte verslag gebring het?

12. Wat leer ons uit die kinders van Israel se eie poging om later die land sonder Abba Vader in te neem?

13. Wat openbaar Numerie 14 vir ons van Abba Vader se karakter? Sy geregtigheid en Sy genade?

14. Hoe word in Numerie 15 onderskei tussen foute wat toevallig gebeur en sondes wat doelbewus gepleeg word?

15. Waarom moes die man wat hout op die Sabbat optel, sterf?

16. Waarom het Abba Vader beveel dat daar klossies aan die klere geheg moes word en wat beteken die blou draad spesifiek in die klossies? Is dit nogsteeds nodig of is dit net vir die Jode?

17. Wat beteken dit om jou eie wil en begeertes te volg volgens Num 15:39, en waarom moet dit vermy word?

18. Wat was die rede dat Rachab in Josua 2 die Israelitiese spioene verblyf en beskerming gegee het?

19. Hoe kan Rachab se geloof in Abba Vader gesien word as ‘n voorbeeld vir ons vandag in verhouding tot Yeshua?

20. Wat simboliseer die rooi tou wat Rachab moes ophang?

21. Volgens die B’rit Chadasha gedeelte in Hebreers 3 wat beteken dit om jou hart te verhard wanneer jy Abba Vader se stem hoor?

22. Wat word dissipels van Yeshua vandag beveel om te doen volgens Hebreërs 3:12–13?

23. Hoe kan sonde ons harte verlei en verhard?

24. Wat dink jy beteken dit om deel te hê aan Yeshua volgens Hebreërs 3:14?

25. Wat is volgens Hebreërs 4:2 nodig sodat die Woord vir mense van nut kan wees?